

# Die voorreg van 'n Vader-kind verhouding

Teks: Lukas 11: 1 - 13 & Sondag 46  
Teksvers: Lukas 11: 11 & 12

## 1. Inleiding

Vanoggend in ons leerdiens fokus ons op die eerste reëls van die Onse Vader. Soos enige gesprek wat ons in die lewe voer is hier 'n groet. In 'n groet is daar 'n bepaalde aanspreekvorm. Die aanspreekvorm waarmee ek dan iemand groet stel gewoonlik toon waarin die res van die gesprek gaan plaasvind. Byvoorbeeld, 'n vriend sal ek op sy voornaam groet en aanspreek. By die werk mag ek iets soos meneer of selfs 'n militêre of ander rang gebruik. Wanneer ek inligting by 'n professionele persoon soek, sal ek hom op 'n akademiese manier aanspreek, bv. Doktor of Professor.

Gewoonlik wanneer so groet en aanspreek plaasvind, is daar reaksies en oortuiging is beide die persoon wat die aanspreek doen en die een wat dit aanhoor. By die persoon wat die uitspreek, kan daar iets wees van goeie maniere. Maar meer as dit, daar kan ook iets wees van 'n afhanklikheid van die persoon se guns. Dink maar hoe formeel mense soms aanspreek vorms gebruik wanneer hulle bedel.

By die persoon wat hierdie groet aanhoor word ook gevoel geskep. Wanneer iemand jou op 'n bepaalde manier aanspreek voel jy in reaksie daarop iets. Dit kan wees, dat jy gerespekteerde of gewaardeer voel. Dit kan selfs tot gevolg hê dat jy maklik sal instem of iets vir die ander persoon sal doen of gee. Daarom word hierdie aanspreekvorms so maklik misbruik.

Met hierdie agtergrond sien ons vanoggend die aanspreek vorm wat Jesus ons leer. Die manier waarop, ons ook ons gebede moet begin. Die aanspreek vorm Vader ken ons goed, maar nie uit die besigheidswêreld of samelewing nie. Nee dit is die intieme manier waarop ons in die huisgesin iemand aanspreek. En daarom

spreek ons nie ander mense buite my familie met hierdie aanspreek vorm aan nie. En juis daarom is dit belangrik dat ons presies verstaan wat Christus eintlik hier aan die apostels leer.

## 2. Verlang na 'n vader

Daar word vandag in die wêreld baie gemaak van mentorskap. Mense word aangemoedig om 'n mentor te hê, en baie bekende suksesvolle mense sal verwys na hulle mentor. In die mens is daar 'n verlange om iemand met meer vermoëns as jy na te kan volg. Die eerste mentorskap verhouding waarin almal van ons staan, is gewoonlik jou aardse Vader. Dikwels die persoon waaruit jy biologiese gebore is.

Maar tans leef ons in 'n samelewing met sy hoë egskeidingsyfer, en baie enkelouer gesinne. En ons weet watter uitdaging dit plaas om die mentorskap van kinders, dikwels aan die vaderkant van die kinders. Ons wat groot geword het in liefdevolle gelowige huise verstaan dikwels nie die omvang van hierdie probleem nie. Omdat ons 'n goeie aadse vader het of gehad het, wat goeie mentorskap kom gee.

Tog beweeg mens aan in die lewe. Ons sien dit ook in ons teksgedeelte. Die dissipels was volwasse mense. Hulle het al loopbane gehad, eintlik is hul almal alreeds hier by hulle tweede loopbaan, voltydse bediening. Verder het hulle ook die perfekte mentor. Hulle het God wat mense geword het, ons Here Jesus Christus as mentor. Maar tog is daar 'n verlange na meer.

Die rede hiervoor sien ons in vers 1, hulle sien dat hulle perfekte mentor ook 'n mentor het. Op verskeie plekke in die Bybel lees ons dat die Here Jesus Christus gereeld stil geword het voor die Vader. Dit is dan juis na so 'n gebedsgeleentheid wat die dissipels ook vir Christus uitvra oor die gebruik. Hulle wil

dit ook graag navolg maar weet nie presies hoe nie. Dit is dan wat Christus die perfekte gebed van die Onse Vader aan hulle leer, wat natuurlik die aanspreekvorm van ons bespreking bevat.

### 3. Ooreenkomste

Waar ons is die vorige punt baie gemaak het oor mentorskap bring ons die verhouding tussen ons en die Vader nou bietjie meer uit. Want ander mentors, behalwe jou aardse Vader staan tog in 'n ander tipe verhouding met 'n mens. Ja daar is intieme mentorskap waar die mentor 'n sekere verantwoordelikheid vir sy volgeling aanvaar. Maar dan is daar ook dikwels die tipe mentorskap waar 'n bekende persoon nagevolg word, wat nie eers bewus is dat 'n spesifieke persoon hom volg nie.

Daarom is ons eerder terug by die verhouding van 'n aardse vader. En by meeste aardse vaders is daar darem iets van 'n verantwoordelikhedsbesef. Selfs die slegste aardse vaders sal darem nie sommer hulle kinders van die honger laat vergaan nie. Sien die gebruik wat in ons teksverse genoem word, is nie so ver verwyderd van ons leefwêreld vandag as wat ons dink nie.

Dit is die gebruik om iemand 'n streep te trek en skrik te maak wanneer hy dink jy gaan hom help. Dit is daardie negatiewe humor, wat soms so gewild op sosiale media is. Iemand vra vir 'n broos maar jy verras hom met 'n klip en baie mense lag. Of selfs erger, iemand vra vir vis om te eet, maar jy gee vir hom 'n slang. Dieselfde met 'n eier en die skerpioen.

Maar as ons 'n tree terugneem, sien ons in die algemene genade van die Here dat hierdie dinge nie met jou kinders gedoen word nie. Inteendeel, wanneer jy hierdie dinge met enige iemand wat swakker is gedoen word, is dit mos niks anders as boelie nie. En dit is hier waar ons dan die eienaardige ooreenkoms in ons teksvers vind. As selfs sondige aardse vaders nie

hulle kinders boelie of laat kort kom nie, hoeveel te meer sal die hemelse Vader, wat volmaak heilig is, dit nie doen nie.

### 4. Almagtige Vader

In hierdie laaste punt fokus ons op vraag 121 wat uitbrei op die Vader se vermoë. Uit daaglikse ouerskap, verstaan ons ook eintlik presies wat hier bedoel word. Hoeveel keer het ons nie al ouers hoor sê ek wens ek kom soveel meer doen en gee vir my kinders, maar my vermoë is maar beperk tot dit of dat. Gewoonlik bring dit groot hartseer aan die ouer se kant.

Maar dit is dan juis hier waar die verskil so treffend is, tussen aardse ouers en die hemelse Vader. Ons hemelse Vader is die Almagtige skepper en onderhouer van die heelal, en daar is geen limiete of beperkings in Sy vermoë nie. Daarom kan Hy vir ons alles voorsien wat nodig is vir ons liggaam en siel.

Dit is natuurlik die ander les in ons teksgedeelte. Ons weet maar al te goed wat met kinders gebeur wat enigeiets wat hulle hart begeer vannaf hulle aardse ouers ontvang. Ons weet dat dit 'n manier is om 'n onversadigbare materialisme of selfs iets erger te skep.

Die punt is ons almal dat ons as aardse kinders soms vir ons ouers vra vir 'n klip in plaas van 'n brood, of slang in plaas van 'n vis, of selfs 'n skerpioen in plaas van 'n eier. Dikwels is die kind nie eers bewus van die gevare wat hierdie dinge inhou nie. Maar 'n ouer met baie meer lewenservaring weet. En daarom sal die wyse ouer selfs al is dit binne hulle vermoë nie toegee aan sekere versoeke van die kind nie.

En dit bring ons dan weereens by die belangrike vergelyking in vers 13. Want ook in hierdie sake wat sleg is vir 'n mens: <sup>13</sup>As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer die hemelse Vader.

## 5. Slot

Ons kan hierdie preek afsluit deur weer terug te keer na die klem van die aanspreekvorm. Om ons gebed te begin met die woorde Onse Vader, is 'n belydenis oor die verhouding tussen ons en die Here. Dit is 'n uitspraak van die geloof oor die verhouding waarin ons as swak en sondige mense met die heilige almagtige Vader mag leef.

En watter wonderlik verhouding is dit nie. Uiteindelik is dit soveel meer as blote godsdienstige reëls en regulasies. Dit is uiteindelik die Vaderhart van die Here waartoe ons mag spreek in gebed. 'n Vaderhart wat ons so lief gehad het, dat Hy nie kon sien dat ons verlore gaan nie. Daarom het Hy Sy eniggebore seun as offer in ons plek gestuur. Ons Here Jesus Christus sterf in ons plek, sodat ons skoongewas van die sonde, deur die Vader aangeneem kan word as kinders.

En dan gaan die Vader nog verder, Hy gee ook aan ons die Heilige Gees. In ons teksgedeelte sien ons dat die Vader ons nie verseker van materiele rykdom, mediese voorspoed, of selfs 'n vreedsame omgewing om in te woon nie. Nee, hierdie dinge is dikwels maar die klip of die slang of skerpieon. Dit veroorsaak 'n gemaklike inburgering in ons tentwoning. En dit verwyder uiteindelik die geestelike fokus in ons lewens. Daarom gee die Here in ons teksgedeelte die Heilige Gees aan Sy kinders. Die Heilige Gees wat binne ons woon, en ons voortdurend herinner aan ons verlossing en verhouding met die hemelse Vader.

In die voorreg om in 'n Vader-kind verhouding met die Hemelse Vader te staan, word ons werklik versorg met alles wat nodig is vir liggaam en siel.

Amen